# Het uitkeerpolisse nog 'n plek?

Deur Carel Botma

'n Nuwe kliënt is bo 65 en verdien 'n klein pensioen. Haar effektiewe belastingkoers is 2.14% per jaar. Sy het 'n neseier-belegging van R800 000 wat, volgens haar "gelukkig belastingvry belê is". Dit blyk toe dat die geld in 'n uitkeerproduk belê is – 'n goeie voorbeeld van 'n 'belastingvrye' belegging wat tot nadeel van die belegger is.

Sy verdien R64 000 rente op die belegging en betaal R19 400 (30%) belasting binne die 'belastingvrye' produk. Indien dit belê was in 'n gewone belegging teen dieselfde koers, sou haar belasbare inkomste met R29 500 (R64 000 minus haar rentevrystelling van R34 500) verhoog het. Die addisionele belasting wat sy op die rente moet betaal, is slegs R5 232. Sy betaal dus R14 168 meer belasting in haar 'belastingvrye' belegging as daarsonder.

## Lees die fynskrif

'n Uitkeerpolis en sy broer, die delgingsfonds (*sinking fund*), is 'n lewensversekeringskontrak wat ontwerp is om ná 'n spesifieke termyn (minimum vyf jaar) 'n enkelbedrag uit te betaal. Hierdie enkelbedrag en al die groei is belastingvry in die hande van die belegger, maar word wel binne die polis belas.

In die vyf-jaar beperkingstydperk het die belegger twee toegangspunte tot die fondse: een lening en een onttrekking. 'n Volle onttrekking gedurende hierdie tydperk mag egter boetes of beperkings dra. In beide produkte word jou belegging volgens die vyf-jaar fondsbenadering kragtens Artikel 29A van die *Wet op Inkomstebelasting, 1962 (Wet 58 van 1962)* belas. Tans is die belastingkoers 30%.

Uitkeerpolisse is dus nie altyd die beste keuse vir individue wat dalk enige tyd toegang tot hul fondse benodig of waar die inkomstebelastingkoerse minder as 30% is nie.

## 'n Praktiese voorbeeld

'n Kliënt het 'n belegging van R20 miljoen en verdeel dit in twee beleggings van R10 miljoen elk in sy eie en sy vrou se naam. Hulle verdien ongeveer 10% per jaar op die beleggings en elkeen verdien ongeveer R200 000 rente en realiseer R800 000 kapitaalgroei per jaar. Hierdie is hul enigste inkomste. *Tabel 1* bevat hulle belasting-berekening.

Indien die geld in 'n uitkeerpolis belê was, sou hulle R156 000 belasting elk betaal het. Hulle bespaar dus gesamentlik R145 738 per jaar deur nié 'n uitkeerpolis as spaarproduk te gebruik nie.

Uitkeerpolisse en die delgingsfonds het egter 'n plek in finansiële beplanning. Hierdie voertuie kan voordelig wees vir trusts asook individue met 'n belasbare inkomste van meer as 30%. Indien jou belasbare inkomste meer as R2 miljoen is en jy het beleggings, moet jy en jou finansiële adviseur ook kyk na uitkeerpolisse as 'n manier om belasting te bespaar.

Verdere voordele is dat jy na die vyf-jaar beperkingstydperk 'n inkomste kan neem wat nie deel van jou belasbare inkomste sal vorm nie. Jy kan begunstigdes aanwys wat na jou dood binne 'n kort tydperk toegang tot die fondse kan verkry, aangesien dit nie deel van jou boedel gaan uitmaak nie. Die beleggings in 'n uitkeerpolis is ook nie aan eksekuteursvergoeding onderhewig nie.

Faktore wat jy met hierdie beleggings in gedagte moet hou, is:

- Vergelyk die koste van verskeie beleggingsmaatskappye met mekaar voor jy 'n besluit neem.
- Kyk na die onderliggende beleggings wat by die beleggingsmaatskappy beskikbaar is. Jy sal graag wil kies tussen geldmark, inkomstefondse en verskeie ander plaaslike en buitelandse effektetrusts.
- Die produk moet aan jou behoeftes voldoen en alle aspekte van jou situasie moet oorweeg word.

**Tabel 1: Belastingberekening vir 'n belegging van R20 miljoen.**

| | | |
|---|---|---|
| Rente R200 000 minus vrystelling | R165 500 | (R200 000 - R34 500) |
| Belasbare porsie kapitaalwins | + R304 000 | ((R800 000 - R40 000) x 40%) |
| Belasbare inkomste | **= R469 500** | |
| Inkomstebelasting betaalbaar na korting (effektief 17.7%) | R83 131 | (R109 810 - R17 235 - R9 444) |

Die inligting in hierdie artikel is nie finansiële, belasting-, regs- of beleggingsadvies nie en die maatskappye in die PSG Konsult Groep waarborg nie die geskiktheid of potensiële waarde daarvan nie. Aangesien individuele behoeftes en risikoprofiele verskil, stel ons voor dat jy jou gekwalifiseerde finansiële adviseur raadpleeg indien nodig. PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (FDV 728).

Vir meer inligting, kontak Carel Botma (PSG Wealth Bloemfontein Preller Walk en/of Ladybrand by 087 820 7451 of carel.botma@psg.co.za.

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 37 NO 5 • SEPTEMBER / OCTOBER 2023



## MANAGING THE RISK OF BLACKLEG DEVELOPMENT AND SOFT ROT

## RECORD EARLY-SEASON PRICES CHARACTERISE WORLD POTATO MARKETS

Feedback on Potatoes SA Research Symposium

Plant-parasitic nematodes associated with potatoes

Cultivar trials at Petrusburg and Greytown